



Sō kan ouers hul kinders (en hulself) vir gr. 1 voorberei

Prof. Kobus Maree, 'n opvoedkundige sielkundige van die Universiteit van Pretoria, gee ouers die volgende wenke om hul kinders vir hul eerste skooldag in gr. 1 voor te berei:

- Die kind moet veilig voel. Die kind se reaksie hang in groot mate af van hoe die ouers reageer. Byvoorbeeld, as die ma huil, is die kans groot dat die kind ook gaan huil. Help hulle verstaan angstigheid is normaal.
- Skep positiewe verwagtinge. Vertel van die opwindende wat voorlê

en dat hy of sy lekker gaan leer.

- Sê vir die kind jy gaan hom of haar weer die middag nā skool sien en dat jy daarna uitsien dat hy of sy jou alles van die dag vertel.
- Vertel jou kind van jou skooljare en die belangrikheid daarvan om skool toe te gaan.
- Vind vooraf uit wie die kind se juffrou gaan wees. Gaan wys hom of haar voor die tyd die skool en waar sy of haar klas is.
- Antwoord alle vrae wat jou kind

oor skool vra. Sê vir hom of haar daar gaan baie maatjies wees wie se eerste skooldag dit ook is. Vertel jou kind daar gaan maatjies van verskillende rasse wees en dat daar maatjies is wat ongeskik gaan wees.

- Kinders moet self hul tassie pak vir die eerste skooldag.
- Ouers moet hulself ook voorberei. Dit is belangrik dat ouers betyds is om hul kinders nā skool op te laai, want as niemand daar is vir hom nie, veroorsaak dit angs by die kind.

